

**31 Desember**

**Skriflesing: Nehemia 12:27-47**

**Fokusgedeelte: Nehemia 12:43**

### **God gee aan jou blydskap!**

Wat gee werklik aan 'n mens ware blydskap? Dit is tog wat ons almal begeer. In Nehemia 12:43 lees ons die oorsprong van die volk se blydskap was dat hulle waarlik in God se teenwoordigheid gekom het. In die skitterende sonlig van sy heiligheid en liefde sien hulle hulle eie sondige doemwaardigheid raak. Hulle doen belydenis van hulle skuld en gee aan God 'n onderneming om reg te maak waar hulle gesondig het. Dit is die pad wat God met elke kind van Hom loop.

Hoekom gee God blydskap? Omdat God is wat Hy is: 'n God van blydskap. Hy verbly Hom en daar is altyd blydskap voor sy troon. God se teenwoordigheid verseker blydskap; daarom is dit altyd 'n feestelike geleentheid om in God se teenwoordigheid te kom. Die Woord bring ons tot blydskap, want wat is die Woord, wie is die Woord? Jesus Christus is die vleesgeworde Woord wat na die wêreld gekom het. Die oomblik toe Hy as mens gebore is, was daar blydskap. Die herders sing van hierdie blydskap (Luk 2:14).

Eers lei God ons deur dieptes van skuldbesef, ootmoed en berou. Dan kan elkeen wat in Christus glo, weet dat Christus se bloed en Gees hom silwerskoon was. Dan kan jy waarlik blydskap ervaar.

Hoe lyk jou blydskap aan die einde van nóg 'n jaar? Hoe lyk jy daarbinne waar God alleen kan sien? Is daar swarmoedigheid? Was 2004 vir jou te swaar? Is daar te veel dinge in jou lewe wat jou neerdruk? Ook jy het rede om jou blydskap luid te verkondig. Kom net in die teenwoordigheid van God.

Ek hoop dat vanjaar se Bybellees en dagstukkies vir jou groot blydskap gebring het!

*Sing: Psalm 33:5 Ds Etienne Schalekamp (Roodepoort)*